Die Bergklub van Suid-Afrika

Gestig 1891

Stellenbosch Afdeling

Gestig 1953

Posbus 152, Stellenbosch, 7599
Faks: 086 628 5477
stellenbosch@ste.mcsa.org.za
http://www.ste.mcsa.org.za

OMSENDBRIEF NOMMER 259 **SOMER (Desember 2009 – Maart 2010)**

"*There are only 3 real sports: bull-fighting, car racing and mountain climbing. All the others are mere games*." Ernest Hemingway

JAARVERGADERING 2009

Die jaarvergadering het op Vrydag 16 Oktober 2009 by die Steinmanns plaasgevind en is deur 21 lede bygewoon. Die belangrikste terugvoer uit die vergadering is onder andere:

1. Veranderinge op die Bestuur. Alle huidige bestuurslede behalwe Jeanette Holtzhausen, die nuusbriefredakteur, is weer beskikbaar en herverkies. Paul Verhoeven word vir 'n derde termyn as Voorsitter verkies. Die verdeling van die portefeuljes word op die laaste bladsy van die nuusbrief uiteengesit. Daar word nog steeds gesoek na gewillige lede om op die Bestuur te dien!

2. Lede is gevra om betrokke te wees met die versoek vanaf Cape Nature oor die veiligheid en bestuur van hulle voetslaanpaaie vir die publiek, veral wanneer Jonkershoek aan die beurt kom. Die Kaapstad afdeling van die BKSA is gevra om die verslag voor te berei.

3. Die ledetal het liggies toegeneem en staan op 182. Op 31 Augustus 2009 is daar 12 aansoeke tot lidmaatskap. Die finansiële state is voorgelê en goedgekeur. Aan die hand van die goedgekeurde begroting vir 2009/2010 is besluit om nie die ledegeld te verhoog nie. Sien verder vir die huidige tariewe.

4. 48 uitstappies is tussen Oktober 2008 en 2009 aangebied: 25 was dagbesoeke, 18 uitslaap naweke, 2 rotsklimme en 3 sosiale kuieraande. Agt uit die 48 is deur die leier afgelas weens slegte weer, gebrek aan belangstelling of brande. 13 uitstappies is deur die Cilliers familie gereël.

LEDESAKE en LEDENUUS

Die bestuur verwelkom die volgende nuwe lede: Marilie Randewijk, Steve Ruddick en Ed Flitters asook Jan-Dirk en Lydia Randewijk twee jonge gesinslede wat in die voetspore van hulle pa (en ma) die berge aandurf. Die bestuur is verheug om ook vir Michael van Breda (lewenslange lid sedert 1963) terug in Suid-Afrika te kan verwelkom.

Geen bedankings is ontvang sedert die publikasie van die Lente-nuusbrief nie.

Aansoeke tot lidmaatskap van die volgende persone is ontvang: Danie en Elrieta Pienaar, Chris en Estelle Denner, Karen Hahne en Mariana de Kock.

Die bestuur het verneem dat Prieur du Plessis (lewenslange lid) in die hospitaal aansterk na 'n beroerte.

LEDEGELD VIR 2010

Op die jaarvergadering is besluit om die ledegelde en aansoekersfooie vir 2010 onveranderd te hou. Met ander woorde die hooflid betaal R195 (insluitend die joernaal), addisionele lede (dieselfde posadres as hooflid) R75, gesinslid (skoliere onder 18 jaar) R30. Die aansoekersfooi bedra R45 en intekengeld op die omsendbrief alleen is R45.

Ledegeldhernuwingskennisgewings is hierby ingesluit of is reeds gepos aan lede wat die omsendbrief slegs per e-pos ontvang. Op die ledegeldhernuwingsvorms kan jy sekere keuses uitoefen.

Ledegeld is nou betaalbaar, die laaste dag vir betaling sonder boetes is 31 Maart 2010.

VAKANTE REDAKTEURSPOS en OMSENDBRIEWE VIR 2010

Helaas is die bestuursportefeulje vir die samestelling en versorging van die Omsendbriewe tydens die jaarvergadering van lede NIE gevul nie. Hierdie jongste omsendbrief No 259 is 'n gesamentlike poging tussen die tans dienende bestuurslede. Die bestuur sal dit baie waardeer as enige lid wat geroepe voel om die vakante redakteursposisie te vul met die bestuur in kontak sal tree.

Bydraes vir die Omsendbriewe wat in 2010 verskyn moet die bestuur voor die onderstaande afsnydatums bereik. Die beoogde datum van publikasie verskyn in hakies.
No 260: 20 Februarie (Begin Maart 20101)
No 261: 21 Mei (Begin Junie 2010)
No 262: 20 Augustus (Begin September 2010)

AFRIKAANS VIR EXPLORE, DISCOVER, CONNECT AND PROTECT

Sentrale bestuur het die BKSA slogan "*Explore, Discover, Connect, Protect*" aanvaar. Dit staan alle Afdelings van die BKSA vry om die slogan deur die Kaapstad Afdeling voorgestel te gebruik. Ons soek nog vir 'n geskikte Afrikaanse vertaling. Daar is tans drie voorstelle maar nog nie één klink heeltemaal reg nie. Wat sê jy van: (1) Verken, Ontdek, Ontmoet, Bewaar; (2) Verken, Ontdek, Assosieer, Beskerm of (3) Verken, Ontdek, Ontmoet, Beskerm. Kontak die bestuur.

ALGEMENE BERGNUUS en DAGBOEK

- UIAA YOUTH MEET, SLOVENIA, 20-27 February 2010

The Alpine Association of Slovenia will be hosting an International Ski Touring Camp from 20-27 February 2010 at Komna in the Julian Alps. Accommodation will be in a mountain hut on 'Planina na Kraju'. Young people from 17 to 29 years old can apply but participants younger than 18 years have to be accompanied by an adult 'able to look after them'. Basic ski touring knowledge is recommended. The cost will be €300 per person (full board) plus airfares (The nearest airport is Ljubljana). For further information, contact Jenny Paterson (jpaterson_by_iburst.co.za)

- NATIONAL MEET September 2010: TOWERKOP

This is a reminder that the Cape Town Section will be hosting the National Meet (Minicamp) in the Klein Swartberg from 18 to 25 September 2010 and that, if you're interested, you should email mcsacapetown_by_iafrica.com with Towerkop 2010 in the subject line so that you can be included on their mailing list. Please also let them know your preferred activities. Formal application forms will be sent out in 2010. Multi-day hikes, day hikes, rock climbing, sport climbing (Montagu (145km), Oudtshoorn (135km) and Outback crag (50km)), day local site seeing (e.g. Seweweekspoort Pass, wine cellars etc.) will probably be on offer. A dinner to celebrate the 125th anniversary of the first ascent of Towerkop by Gustaf Nefdt is to be held on Saturday evening 25 September 2010 in Ladismith.

- RECIPROCITY AGREEMENT BETWEEN THE MCSA AND THE NEW ZEALAND ALPINE CLUB

MCSA President, Dave Jones (president_by_mcsa.org.za) has announced that a Reciprocity Agreement between the MCSA and the New Zealand Alpine Club is in force: "A final document of agreement and understanding was signed by the respective Presidents on 8 September, following a period of negotiation between the two clubs facilitated by John Nankervis of the NZAC.
The New Zealand Alpine Club (NZAC) will give members of the Mountain Club of South Africa (MCSA) the same rates as we give to our own members when they stay in any of the mountain huts and base lodges owned by NZAC. They will be entitled to any other privileges which the Club may from time to time grant to visiting members of overseas clubs with which NZAC has reciprocity.
All of these huts and lodges are in prime climbing locations. It will not be necessary for MCSA members to obtain any special coupon or pre-validation for this but, when paying hut fees, they should show their membership cards or other evidence of current membership of MCSA. Nor will it be necessary for such visiting members to first contact the Executive Officer of NZAC at the Club's National Office.

KLIMPROGRAM: JANUARIE tot MAART/APRIL 2010

ALLE DEELNEMERS:

- Deelname aan alle uitstappies geskied **op eie risiko**.
- Bel asseblief die leier voor elke uitstappie om plek te bespreek.
- Sluitingsdatum gewoonlik een week voor datum, in geval vir permit aansoek.
- Die tye op die program aangedui is vertrektye, kom asb. 10 minute vroeër.
- Indien jy twyfel oor die moeilikheidsgraad van die uitstappies, bel die leier vir meer inligting.
- Dit is die leier se verantwoordelikheid om te sorg dat nie-lede R20 vir deelname per uitstappie betaal.
- Nie-lede betaal die volle permitfooi. Die klub voorsien permitgelde slegs vir lede binne die begroting.
- Persone wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir permit koste aanspreeklik gehou word.
- Die byeenkom plek vir uitstappies is voor die US Elektroniese Ingenieursgebou ingang (parkeerterrein oos van die Ingenieursgeboue uit Banhoekweg), tensy anders vermeld.
- In geval van slegte weersomstandighede kan die leier besluit om 'n uitstappie te kanselleer.
- Lede met **Wildcards:** laat weet leier vooraf en bring saam op die uitstappies.
- **Noodhulp:** Dit is elke lid se verantwoordelikheid om basiese noodhulpbenodighede in te pak en leier in kennis te stel van enige mediese probleme.

LEIERS:

Stuur asb. 'n verslag aan die bestuurslede vir klimprogram, omsendbrief en aan die voorsitter (e-pos adresse op die agterblad van die omsendbrief).

19-23 DESEMBER 2009: WITELS KLOOF

Let op dat die datums nou verander het. Bel leier vir reëlings.
Leier: Paul Verhoeven, 021-887 4113 h, 073 371 6687 sel
Bydrae vir brandstof: R100

SONDAG 10 JANUARIE: NUWEJAARSBLOMME, KLEIN DRAKENSTEINBERGE, PAARL

Kom ons begin die jaar met 'n kloofstap vanaf die plaas Olive Glen aan die begin van die Du Toitskloofpas. Bruce en Avril Powrie (021-873 0960) van die Paarl/Wellington afdeling stel hul rivierhuis ter beskikking vir lede wat Saterdagaand daar wil oornag. Bel leier vir permitdoeleindes vir die Sondag en 'n padkaart indien jy nie die plaas ken nie en of jy die dag daarvoor op die plaas wil oornag. Tariewe van toepassing: R50 per persoon, R25 vir skoolkinders.
Leier: Paul Verhoeven, 021-887 4113 h, 073 371 6687 sel
Ontmoet: 7:30 by die rivierhuis van AG Powrie functions & Olive Glen farm

NAWEEK 16-17 JANUARIE: TIERSTELKLOOF, WORCESTER

Halfspoed. Kinders welkom. Lekker swemuitstappie aan die voet van Du Toitspiek.
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461 h
Ontmoet: 8:30 by die Rawsonville-afdraai van N1

SATERDAG 23 JANUARIE: WITTERIVIER, BAINSKLOOF

Eerste Tol na Tweede Tol. Stap en swem in die Witterivier. Bel leier.
Leier: Peter-Jan Randewijk, 021-883 8592 h
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 30 JANUARIE: SUICIDEKLOOF, GRABOUW

Kloofstap met verpligte spronge. Geen hoogtevrees! Bel leier.
Leier: Hans Scheffler, 082 7889515 (slegs na-ure)
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R50

SATERDAG 6 FEBRUARIE: DWARSBERGPLATO, JONKERSHOEK

Dwarsbergplato-toer. Disas, swempoele en besoek aan "Hauptfleish se grot".
Leier: Jaap van Wyk, 021-887 5335 h
Vertrek: 7:00 vanaf Jonkershoekhek
Bydrae vir brandstof: R10

NAWEEK 6-7 FEBRUARIE: GROOTHOEKKLOOF, HEKSRIVIERBERGE
Kloofstap met waterval abseils. Bring toerusting. Fiksheid vereiste. Bel leier.
Leier: Retief Jordaan, 023-356 2226h
Vertrek: 5:30 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R100 + R80

VRYDAG 12 FEBRUARIE: SOSIALE AAND
Titel: Seniors met "Drahtesels" langs die Donau in Duitsland, Oostenryk en Hongarye
Coen en Diné Calitz kom deel hulle ervarings en veral die mooi van die Europese rivieromgewings. Hulle twee het 2000 km in 29 dae fietsgery langs 6 riviere vanaf Hahn lughawe in die Hunsrück, Wes van Frankfurt na Budapest en meestal gekamp. "Moeilik? Duur? Oud?... Watwou!!"
Reëlings: Foto's 19:30. Bring 'n bordjie eetgoed, drinkgoed en glase vir 'n gesellige kuier na die tyd.
Plek: Jonkershoekweg 65, Stellenbosch
Navrae: Coen Calitz, 021-887 0705, 082 8995383

SATERDAG 13 FEBRUARIE: WOLWEKLOOF, FRANSCHHOEK
Rustig. Lekker swempoele. Kinders welkom.
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461h
Ontmoet: 8:00 by Robertsvallei
Vertrek: 7:15 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R30

SATERDAG 20 FEBRUARIE: CASCADES, DU TOITSKLOOF
Watervalle met C klim. Mooi swempoele. Fiksheid en geen hoogtevrees. Bel leier.
Leier: Brian Brock, 021-797 1901 h, 084 7021365
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R45

SONDAG 28 FEBRUARIE: KERKDIENS, TAFELBERG
Kerkdiens 12 30 deur Reverent Tim Attwell, Metodiste Kerk.
Roete na bo: Nuwelandkloof en Ledges
Leier: Paul Verhoeven, 021-887 4113 h
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 6 MAART: MUIZENBERG-KALKBAAI
Klim Muizenbergpiek en stap deur beboste Spes Bona valley. Bring geld en swemklere.
Leier: Nico Holtzhausen, 021-715 2408 h
Ontmoet: 8:00 voor duikweg na Brass Bell in Kalkbaai
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R40

LANGNAWEEK 20-22 MAART: DIE HEL, GROOT-WINTERHOEK
Halfspoed. Kinders welkom. Onthou swemklere! Bel leier voor 17 Maart vir permitdoeleindes.
Ontmoet: 9:00 by Dasklippas-afdraai anderkant Porterville
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461 h

SATERDAG 27 MAART: BOBBEJAANSRIVIER, EERSTE TOL
Kloofstap. Mooi kloof met watervalle. Bel leier.
Leier: Teuns Kok, 021-887 8278 h, 083 2674455 (slegs na-ure)
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R45

NAWEEK10-11 APRIL: GROOT-DRAKENSTEINBERGE
Bestyg via Duiwelskloof en klim omliggende pieke. Sondag: kloof abseil.
Leier: Teuns Kok, 021-887 8278 h, 083 2674455 (slegs na-ure)
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: R20

SATERDAG 17 APRIL: PIEKE, JONKERSHOEK
Roete: Langrivier-Nerinakloof. Lang dag. Fiksheid vereiste.
Leier: Wim Morris, 082 3218774 (slegs na-ure)
Vertrek: 7:00 vanaf Jonkershoekhek

LANGNAWEEK 24-27 APRIL: TURRETPIEK, KOUE BOKKEVELD
Halfspoed. Kinders welkom. Bring tente en waterhouers. Ons wil baie rondstap, klouter en verken.
Leier: Lydia Cilliers, 021-876 4461 h
Ontmoet: 9:00 by Op-Die-Berg

SATERDAG 1 MEI: WERKSDAG, ZEEBASBERG
Verwyder indringers op ons Afdeling se eiendom. Bel leier. Ja, ons werk op Werkersdag!
Leier: Gerhard van Wyngaard, 021-685 5428 h (voor 21:00), 083 2334927
Vertrek: 7:00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: Bestuurders sal vergoed word

UITSTAPPIEVERSLAE

Matroosberg, 12 tot 13 September 2009
Gekanselleer weens geen belangstelling.

(Teuns Kok)

Rotsklim Elsiespiek, 20 September 2009
Gekanselleer weens te min belangstelling.

(Paul Verhoeven)

Swartboskloof, 19-20 September 2009
Die oorslapers het rustig opgestap terwyl die dagstappers vooruit is. Bo aangekom het die mis by tye pragtige tonele geskep. Sondagoggend het vier van ons Pic-sans-nom geklim terwyl die ander weereens rustig verkeer het. Nadat ons verspreide kamp afgeslaan is, is ons af. Christel se “Ek wil niks anders doen as om niks te doen nie!” som die naweek op. Ons het goed uitgerus en ons batterye gelaai. Ongelukkig vir dié wat tog op die einde haastig geraak het, was dit net die Cilliers wat die verrassingspartytjie vir Theuns by die hek kon meemaak. Dankie Dries en Karen en kie!!

(Lydia Cilliers)

Skyfies oor ‘n toer deur Peru, 29 September 2009
Die sosiale aand met Maryna Loubser se skyfies oor verskeie stappe tydens ’n maandlange toer deur Peru was goed bygewoon. Baie dankie Maryna.

(Paul Verhoeven)

Springstygbeugel, Slanghoekafgronde, 10 tot 11 Oktober 2009
Drie van ons stap via “Happy Valley” langs die Limietberg voetslaanpad naar die bergklub se eiendom “Springstygbeugel”. Slaan tent op net verby die bordjie “Springstygbeugel” aan die voete van Grassy Dome en Slanghoekpiek. Regs van die kloof is daar ‘n paadjie wat lei na die nek tussen Slanghoekpiek en Groot Wellington Sneeukop en ons bewonder daar die uitsigte oor Slanghoekvallei en verder. Ons ondersoek ‘n paar groot boulders wat tekens van gebruikte skuilplekke vertoon. Oppad terug na ons kampplek stop ons by ‘n paar poele en watervalle. Hoë sluierwolke gee die waarskuwing dat verandering van weer oppad is. Sondag staan ons om sewe uur op, net betyds om ‘droog’ ontbyt te kan maak. Daarna het dit liggies begin reën. Toe ons begin inpak het dit behoorlik gereën en party van ons was gelukkig om nuwe toerusting wat oorsee gekoop is uit te toets. Ons het die uitstappie afgesluit met ‘n warme sjokolade drank by Bain’s kloof lodge.

(Paul Verhoeven)

Werksdag Zeebasberg, 24 Oktober 2009
Slegs drie van ons het gewapen met sae en byle ‘n bydrae gelewer tot die verwydering van indringer-plante op ons eiendom. Vir dié wat nog nie deel was van ‘n uitroei-besigheid nie, dit oefen ‘n heel kalmerende effek uit op die week wat voorlê. Jy kan al jou frustrasies uitwerk op hakea en dennebome. Kom volgende keer saam, dit sal beslis ook vir jou werk.

(Gerhard van Wyngaardt)

Kontoerpad, Jonkershoek, 31 Oktober 2009
Ek het hard probeer, maar ek kon niemand se arm draai om ons toe te laat om in te ry tot by Witbrug nie. Die plan van aksie is omgedraai en ons het van die hek met Geelhoutpad opgestap en verder tot by Langrivierkloof. Nikki en Christine moes ongelukkig sommer gou-gou aandag gee aan die jongste

se dors, en het ons hulle nie weer gesien nie. Dit was warm, en die plan om met die kontoerpad langs aan te stap en af na Witbrug is verruil vir 'n koel middag in Langrivierkloof. Het jy geweet dat daar heelwat stinkhoute (*ocotea bullata)* in die kloof groei? Ons het opgestap in die kloof tot by die laaste lekker poele waar net twee van die geselskap die koue water trotseer het. Ons het eers half vyf begin uitstap en het selfs toe nog warm gekry.

(Lydia Cilliers)

Groot-Drakensteinpiek, 7 November 2009
Gekanselleer

Gesamentlike klim van die Wes-Kaap afdelings, 14 – 15 November 2009
Verskeie lede van die Kaapstad, Stellenbosch en Suid-Kaap afdelings het Saterdagmiddag op die plaas Olive Glen van Bruce en Avril Powrie by mekaar gekom vir kuier en braai. Sondag het andere lede van die Paarl-Wellington, die gas afdeling, aangesluit en verskeie roetes vanaf die plaas is onderneem. Selfs die president van die BKSA, Dave Jones en sy vrou uit Sedgefield was teenwoordig.

(Paul Verhoeven)

DIE BESTUUR VIR 2009/2010

Voorsitter	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	voorsitter by ste.mcsa.org.za
Onder-voorsitter & Bemarking	-- Vakant --		
Lede sekretaris & Tesourier	Pieter Diener	021 887 2265 (h)	lidmaatskap by ste.mcsa.org.za
Sekretaris	Wim Morris	082 321 8774	sekretaris by ste.mcsa.org.za
Nuusbriefredakteur	-- Vakant --		
Klimprogram	Teuns Kok	021 887 8278 (h)	uitstappies by ste.mcsa.org.za
Toerusting	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	toerusting by ste.mcsa.org.za
Kommunikasie en webwerf	Peter-Jan Randewijk	021 883 8592 (h)	webmeester by ste.mcsa.org.za

Persone met spesifieke take:

Eiendom	Gerhard van Wyngaardt	083 233 4927	Gerhardmcsa by gmail.com
Klub sleutels	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	KANA, Helderbergstraat 16

Die bestuur is ook per faks bereikbaar. Ons sal jou faks boodskap per e-pos ontvang. Die faksnommer is 086 628 5477.

Let wel: Indien jy die bestuurslede per e-pos wil kontak, vervang dan die "by" of "_by_" met "@" in die adresse hierbo. Dit geld vir alle e-pos adresse in die omsendbrief vermeld.

NUTTIGE KONTAKNOMMERS

BKSA Kaapstad Afdeling Kantoor:	021 465 3412
WKNBR Jonkershoek Kantoor:	021 866 1560
Jonkershoek Reservaat bestuurder	Patrick Shone 082 467 0405
Bergredding: Metro Call Centre in Johannesburg !	10177
Bergredding: Metro (wat WSAR sal kontak)	021 937 0300
Nasionale sellulêre foon noodnommer	112

Cape Nature: http://www.capenature.org.za/Bookings/html/bookings.html
Indien probleme ondervind word met die webwerf gebruik die telefoonnommer vir plekbesprekings 021-6593500 of stuur epos: bookings by capenature.co.za. Vir mense wat probleme ondervind om 'n bespreking by Cape Nature te maak, kontak direk vir Donna Laloux (Call Centre Manager) vir vinnige flink diens. Haar kontak besonderhede is:
dlaloux _by_ capenature.co.za; 021- 6593411; 086 528 9681.

einde van omsendbrief No 259
versorg deur PV en WM